In ooreenstemming met die toename in die reële bruto binnelandse besteding, het die volume van die invoer gedurende die eerste helfte van 1978 gestyg. Die koers van toename het gedurende die tweede kwartaal versnel en het, tesame met 'n vinniger styging in die invoerpryse, gedurende hierdie tydperk 'n aansienlik hoër vlak van die invoere meegebring. Terselfdertyd het die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld skerp gestyg. Die seisoensaangesuiwerde oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het nogtans in vergelyking met die eerste kwartaal slegs matig gedaal, aangesien 'n toename in uitvoere en in die netto goudproduksie die styging in die invoer en in die netto onsigbare betalings bykans geëwenaar het.

Die kapitaalrekening van die betalingsbalans het gedurende die tweede kwartaal voortgegaan om 'n netto uitvloeïing te toon, maar hierdie uitvloeïing was aansienlik kleiner as gedurende die voorafgaande drie maande. 'n Afname in die netto uitvloeïing van korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie was hoofsaaklik vir die kleiner totale netto uitvloeïing van kapitaal verantwoordelik. Hierdie afname was waarskynlik te danke aan die toename in die invoer en 'n styging in handelskrediete wat daarmee gepaard gegaan het, in weerwil van die feit dat die effektiewe koste van handelsfinansiering oorsee tot bo die vergelykbare binnelandse koste gestyg het.

Die koerse van toename in die eng gedefiniëerde geldvoorraad en in die hoeveelheid geld en kwasi-geld het gedurende die tweede kwartaal en weer in Julie skerp versnel. 'n Skerp styging in bankkrediet aan die private sektor was die belangrikste faktor wat vir die styging in die monetêre totale gedurende die tweede kwartaal verantwoordelik was. 'n Aansienlike deel van die nuwe bankkrediet wat gedurende hierdie tydperk aan die private sektor verleen is, het verband gehou met die groter verbruiksbesteding voor die instelling van die algemene verkoopbelasting. Gedurende Julie het die bankkrediet aan die private sektor slegs matig verder toegeneem en die styging in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende hierdie maand is hoofsaaklik meegebring deur 'n toename in die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor. Die betreklik klein styging in bankkrediet aan die private sektor gedurende Julie het gelei tot 'n toename in die onbenutte fasiliteite onder die plafonne op die banke se

diskonteringe en voorskotte, nadat hierdie fasiliteite gedurende die tweede kwartaal gedaal het in weerwil van die verhoging van die plafonne met 'n bykomende 4 persent in Mei.

Die Bankkoers is op 22 Augustus van 9 na $8\frac{1}{2}$ persent verminder en dit is deur 'n verlaging van die handelsbanke se prima-oortrekkingskoers van $12\frac{1}{2}$ na 12 persent op 24 Augustus gevolg. Op 15 September is aangekondig dat die banke se prima-oortrekkingskoers met 'n verdere $\frac{1}{2}$ persent verlaag sal word en dat die depositokoerse van bankinstellings en bouverenigings, insluitende dié op bouverenigingaandeel, in die algemeen met 1 persent verlaag sal word. Soortgelyke koersvermindering is ook aangekondig ten opsigte van die spaarsertifikate van die Departement van Pos- en Telekomunikasiwese en sekere Tesourie-obligasies.

Skatkisontvangste was in die tweede kwartaal effens laer as in die eerste kwartaal as gevolg van die verlaging van indirekte belastinge as deel van die owerheidsbeleid om die ekonomie te stimuleer en ook in afwagting van die instelling van die algemene verkoopbelasting in Julie. Die skatkisuitreikings, aan die ander kant, is op 'n betreklik hoë vlak gehandhaaf, wat 'n groot tekort, wat deur middel van lenings gefinansier moes word, meegebring het. 'n Suksesvolle opname van fondse in die binnelandse nie-banksektor het die behoefte aan krediet vanaf die monetêre banksektor uitgeskakel. Gedurende Julie het die regeringsektor se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor egter skerp toegeneem toe 'n verdere aansienlike tekort aangeteken is, gedeeltelik as gevolg van die feit dat die opbrengs van die algemene verkoopbelasting nog nie in die owerheidsinkomste weerspieël is nie.



Afgesien van tydperke van stramheid oor die maande van Junie en Augustus, het die geldmarktoestand gedurende die tweede kwartaal en die daaropvolgende twee maande aansienlik verruim. Die geldmarkrentekoerse het gedurende die eerste helfte van die tweede kwartaal gedaal, en nadat dit vir ongeveer twee maande min of meer onveranderd gebly het, het dit gedurende die res van Julie en Augustus 'n afwaartse neiging hervat. Die verlaging van die Bankkoers is deur 'n daling in alle geldmarkrentekoerse gevolg.

Ruimer toestande het bly heers in die vaste-rentedraende afdeling van die kapitaalmark. Nieteenstaande die opname van 'n aansienlike bedrag aan nuwe fondse deur die openbare sektor, het die opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte gedurende die tweede kwartaal en die daaropvolgende twee maande hulle afwaartse neiging voortgesit. In die aandelemark het die omset en die pryse van Mei tot Augustus sterk gestyg ná 'n tydelike daling gedurende die tydperk Februarie tot April 1978. Die bedrywigheid in die verband- en vaste eiendomsmark, wat tot 'n lae vlak aan die einde van 1977 gedaal het en gedurende die eerste kwartaal slegs matig herstel het, het gedurende die tweede kwartaal en Julie aansienlik uitgebrei.

Nasionale rekeninge

Die reële bruto binnelandse produk het van die eerste na die tweede kwartaal van 1978 skerp gestyg. 'n Toename in die reële toegevoegde waarde van die

Bruto binnelandse produk teen konstante 1970-pryse



sekondêre en tersiêre sektore van die ekonomie was vir die grootste deel van die styging verantwoordelik en het vroeëre aanduidings van 'n sikliese opswaai in die ekonomiese bedrywigheid vanaf die einde van 1977 bevestig. Die reële toegevoegde waarde van die landbou het in die tweede kwartaal ook aansienlik gestyg, maar die reële mynbouproduksie het min of meer onveranderd gebly. Die reële bruto binnelandse produk was in die tweede kwartaal van 1978 2 $\frac{3}{4}$ persent hoër as in die ooreenstemmende kwartaal van 1977, en in die eerste helfte van 1978 was dit 2 persent hoër as in die eerste helfte van 1977.



Die bruto binnelandse produk teen heersende pryse het in die tweede kwartaal ook opmerklik gestyg, wat grotendeels hoër winste in die landbou, mynbou, fabriekswese en handel weerspieël het. In teenstelling hiermee, het die vergoeding van werknemers teen ongeveer dieselfde koers as in die voorafgaande kwartaal toegeneem.

Afgesien van 'n hoër volume van uitvoere, het die verdere toename in die reële bruto binnelandse produk gedurende die tweede kwartaal van 1978 voortgespruit uit toenames in al die hoofkomponente van die reële totale binnelandse vraag, met uitsondering van die reële voorraadinvestering wat vir die tiende opeenvolgende kwartaal gedaal het. Teen heersende pryse was die hoër bruto binnelandse besteding nog steeds laer as die bruto nasionale produk, en die verskil is weerspieël in 'n taamlike groot oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans.

Die private verbruiksbesteding het 'n wesenlike bydrae tot die toename in die reële totale binnelandse vraag in die tweede kwartaal gelever. Uitsonderlik groot toenames is aangeteken in die reële besteding aan duursame goedere wat grootskaalse aankope voor die instelling van die algemene verkoopbelasting van 4 persent op 3 Julie weerspieël het. Die reële owerheidsverbruiksbesteding is op die hoër koers van toename wat in die laaste kwartaal van 1977 na vore gekom het, gehandhaaf.

In reële terme het die bruto binnelandse vaste investering in die tweede kwartaal opmerklik toegeneem, nadat dit in die eerste kwartaal tot sy tweede laagste vlak in bykans vyf jaar gedaal het. Die toename in die tweede kwartaal was egter hoofsaaklik toe te skryf aan groter besteding aan besondere projekte soos die tweede olie-uit-steenkool-aanleg, die kernkragsentrale, die behoueringsprogram, en aanlegte vir die produksie van uraan. Die verdere afname in die reële voorraadinvestering in die tweede kwartaal was opmerklik kleiner as in die voorafgaande kwartaal. Afnames in die reële nywerheids- en handelsvoorrade en in die diamantvoorrade in die handel is gedeeltelik deur 'n skerp toename in die reële landbouvoorrade geneutraliseer. Die verhouding van die reële nie-landbouvoorrade tot die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbou-sektore het tot 31,4 persent in die tweede kwartaal gedaal, in vergelyking met 33,1 persent in die eerste

Bruto binnelandse besteding teen konstante 1970-pryse



kwartaal en die onlangse hoogtepunt van 38,8 persent in die derde kwartaal van 1975.

Die bruto binnelandse besparing het gedurende die tweede kwartaal aansienlik gestyg en het die bedrag wat nodig was om die vaste en voorraadinvestering te finansier, vir die vyfde opeenvolgende kwartaal oorskry. Al die komponente van die bruto binnelandse besparing het in die tweede kwartaal gestyg, met die grootste styging wat in die geval van die maatskappybesparing aangeteken is. Vanweë die hoër vlak van die verbruiksbesteding in die tweede kwartaal, het die koers van toename in die persoonlike besparing in hierdie tydperk egter opmerklik afgeneem.


Konjunktuerneigings, arbeidstoestand en pryse

Die verloop van ekonomiese aanwysers gedurende die tweede kwartaal van 1978 het verdere aanduidings gegee van die matige opswaai in die ekonomiese bedrywigheid vanaf die einde van 1977. In die fabriekswese het die volume van die produksie en verkope teen konstante pryse aansienlik gestyg, en die hoër peil van die bedrywigheid is ook weerspieël in 'n toename in die gemiddelde vlak van benutting van die produksiekapasiteit van 83,9 persent in die eerste kwartaal tot 84,6 persent in die tweede kwartaal. Die groot- en kleinhandelsverkope teen konstante pryse het gedurende die tweede kwartaal verder gestyg en 'n besonder skerp styging het in die verkope van nuwe motorvoertuie voorgekom. Hierdie groter verkope het 'n algemene verhoging van die verbruikersvraag weerspieël, maar ook drukke verbruiksbesteding voor die instelling van die algemene verkoopbelasting. Die gevolg van hierdie vervroegde aankope was 'n daling in die volume van die kleinhandelsverkope en die aantal nuwe motorvoertuie verkoop gedurende Julie. Hoewel die bedrywigheid in die konstruksiesektor nog betreklik laag was, het 'n aantal aanwysers, soos die volume van die produksie en verkope van boumateriale, woongebouplanne goedgekeur, transaksies in vaste eiendom, nuwe verbandlenings deur bouverenigings toegestaan, en verbande geregistreer, op 'n herstel gedurende die tweede kwartaal gedui.

In ooreenstemming met die uitbreiding van die ekonomiese bedrywigheid gedurende die eerste helfte van 1978, het die werkloosheid onder alle bevolkingsgroepe geneig om af te neem. Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreeerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs het gedaal van 34 640 in Desember 1977 tot 29 750 in Maart 1978 voordat dit tot 31 950 in Julie toegeneem het. Volgens 'n nuwe opname deur die Departement van Statistiek, het die aantal werklose Swartes gedaal van sowat 633 000 in Oktober 1977 tot ongeveer 563 000 in Maart 1978.

Die nuwe verbruikersprysindeks van die Departement van Statistiek, wat veranderde gewigte en dekking insluit en gebaseer is op die bestedingspatrone van huishoudings in die verskillende inkomstegroepe in 1975, toon dat die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die verbruikerspryse vir alle inkomstegroepe afgeneem het van 9,1 persent in die eerste kwartaal tot 5,1 persent in die tweede kwartaal. Dit was 'n weerspieëling van laer koerse van prysstygings vir alle goedere asook dienste met uitsondering van behuising en vervoer. Die laer koerse van toename in die pryse van goedere het verband gehou met die verlaging van die verkoopreg en die bo-belasting op invoere in Maart, en met prysmededinging wat daarop gemik was om aankope deur verbruikers voor die instelling van die algemene verkoopbelasting aan te moedig. Van Junie tot Julie het die verbruikersprysindeks met 4,2 persent gestyg, waarvan die algemene

Konjunkturaanwysers




verkoopbelasting na raming 2,8 persentasiepunte bygedra het. Toenames in die pryse van voedsel, motors en ander vervoergoedere, en droogskoonmaakdienste, was hoofsaaklik vir die bykomende styging van 1,4 persentasiepunte verantwoordelik. Gedurende Augustus het prysstygings egter weer afgeneem en het dit slegs 0,4 persent bedra. Vergeleke met dieselfde maand van die voorafgaande jaar, het die verbruikerspryse in April met 8,6 persent, in Mei met 8,4 persent, in Junie met 8,2 persent, en in sowel Julie as Augustus met 11,0 persent gestyg.

Die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks het skerp teen 'n jaarkoers van 13,8 persent in die eerste kwartaal van 1978 gestyg voordat die koers van toename in die tweede kwartaal tot 9,6 persent verlangsaam het. Hierdie verlangsaaming is meegebring deur laer koerse van toename in die pryse van ingevoerde sowel as binnelands-geproduseerde goedere. Vergeleke met dieselfde maand in 1977, het die groothandelspryse in April met 9,7 persent, in Mei met 9,3 persent, en in sowel Junie as Julie met 8,5 persent gestyg.

Pryse

Persentasieverandering oor twaalf maande




Betalingsbalans

'n Verdere oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans is in die tweede kwartaal van 1978 aangeteken, maar die syfer van R201 miljoen was opmerklik kleiner as die betreklik groot oorskot van

Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



R494 miljoen in die eerste kwartaal. As seisoensinvloede uitgeskakel word, het die oorskot teen 'n jaar-koers egter slegs van R1 256 miljoen in die eerste kwartaal tot R1 098 miljoen in die tweede kwartaal gedaal. Hierdie klein daling was die netto gevolg van aansienlike toenames in die goedere-invoer en netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld, en 'n bykans ewe groot toename in die goedere-uitvoer en die netto goudproduksie.


In ooreenstemming met die opswaai in die ekonomiese bedrywigheid, het die volume van die goedere-invoer ook vanaf die einde van 1977 begin styg en in die tweede kwartaal van 1978 het die koers van toename skerp versnel. Die groter volume van die invoer, tesame met 'n vinniger koers van toename in die invoerpryse, het tot gevolg gehad dat die waarde van die goedere-invoer teen 'n seisoensaangesuiwerde jaar-koers van R7 078 miljoen in die eerste kwartaal tot R8 204 miljoen in die tweede kwartaal gestyg het. Dit was hoofsaaklik toe te skryf aan hoër invoere van masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoerusting en olie.

Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaar-koers, het die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld van R1 453 miljoen in die eerste kwartaal tot R1 722 miljoen in die tweede kwartaal gestyg. Die dienstebetalings aan buitelanders het skerp toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van hoër vrag- en goedereversekeringsbetalings en groter inkomstebetalings op buitenlandse beleggings in Suid-Afrika. Die toename in dienstebetalings is slegs gedeeltelik deur 'n klein styging in dienste-ontvangste geneutraliseer.

Die goedere-uitvoer het, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaar-koers, van R6 380 miljoen in die eerste kwartaal tot R7 461 miljoen in die tweede kwartaal toegeneem, as gevolg van toenames in sowel die volume as pryse. Die grootste bydraes tot hierdie toename is deur die uitvoere van diamante en mielies gemaak. Alhoewel die gemiddelde prys van goud op die Londense mark op ongeveer dieselfde relatief hoë vlak as in die eerste kwartaal gebly het, het die netto goudproduksie, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaar-koers, matig gestyg van R3 407 miljoen in die eerste kwartaal tot R3 563 miljoen in die tweede kwartaal. Daarna het die goudprys verder gestyg en in Julie en Augustus gemiddeldes van onderskeidelik \$188,7 en \$206,0 per fyn ons bereik, vergeleke met \$178,4 per fyn ons in die tweede kwartaal.

Die kapitaalrekening van die betalingsbalans het in die tweede kwartaal opmerklik verbeter. Die netto uitvloeiing van kapitaal van R149 miljoen gedurende hierdie tydperk was aansienlik kleiner as die syfer van R522 miljoen vir die eerste kwartaal. Hierdie kleiner uitvloeiing was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n afname in die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie, insluitende onaantekende transaksies, van R345 miljoen in die eerste kwartaal tot R91 miljoen in die tweede kwartaal. Die verminderde netto

Netto kapitaalbewegings



uitvloeiing van korttermynkapitaal het waarskynlik verband gehou met die toename in goedere-invoere en die daarmee gepaardgaande styging in buitelandse handelskrediete, en het plaasgevind ten spyte van die feit dat die effektiewe koste van buitelandse handelsfinansiering bo die vergelykbare binnelandse koste gestyg het.

Die verbetering van die kapitaalrekening in die tweede kwartaal was ook te danke aan 'n effense afname in die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal en 'n ommeswaai van 'n afname na 'n klein toename in die korttermynlaste verwant aan reserwes. Net soos gedurende die voorafgaande twee kwartale, het die regering en banksektor groot netto terugbetalings op langtermyn- buitelandse lenings gemaak. Openbare korporasies en plaaslike owerhede het per saldo ook langtermyn- buitelandse skuld terugbetaal in plaas van om, soos in die eerste kwartaal, netto ontvangers van langtermynkapitaal te wees. Die afname in die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal gedurende die tweede kwartaal was derhalwe toe te skryf aan 'n netto inflouing van kapitaal na die private sektor, in teenstelling met die netto uitvloeiing gedurende die voorafgaande kwartaal.

Betalingsbalanstransaksies het meegebring dat die netto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die tweede kwartaal met R48 miljoen gestyg het. Hierdie reserwes het vanaf die einde van September 1977 tot aan die einde van Junie 1978 met R157 miljoen toegeneem. Indien veranderinge in die korttermynlaste verwant aan reserwes en waardasie-aansuiwerings in aanmerking geneem word, het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die tweede kwartaal met R1 157 miljoen gestyg om aan die einde van Junie 1978 'n vlak van R1 929 miljoen te bereik. Hierdie aansienlike styging was bykans geheel en al die gevolg van die herwaardering van die goudreserwes van die Reserwebank teen markverwante pryse. Gedurende Julie en Augustus het die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met R146 miljoen tot 'n vlak van R1 920 miljoen gestyg, grotendeels weer as gevolg van die herwaardering van sy goudbesit. Die kontantinhoud van die Bank se reserwes is natuurlik nie deur die herwaardering van die goudbesit verhoog nie, en dit het gedurende die tweede kwartaal en die daaropvolgende twee maande min verandering getoon.

Monetêre en banktoestand

Die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldhoeveelheid, wat gedurende die eerste kwartaal van 1978 teen 'n jaarkoers van 2 persent toegeneem het, het gedurende die tweede kwartaal skerp gestyg met R406 miljoen of teen 'n jaarkoers van ongeveer 18 persent.* Gedurende Julie is 'n verdere aansienlike styging van R409 miljoen aangeteken, wat gelei het tot 'n koers van toename van 27 persent gedurende die tydperk van vier maande van April tot Julie 1978. Die eng gedefinieerde geldvoorraad, wat gedurende die tweede kwartaal met R128 miljoen of teen 'n seisoensaangesuiwerde jaar-koers van 12 persent gestyg het, het gedurende Julie aansienlik met R139 miljoen toegeneem.


Soos in die bygaande tabel getoon word, is die vinnige styging in die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasigeldhoeveelheid gedurende die tweede kwartaal en Julie hoofsaaklik verklaar deur 'n toename in die binnelandse kredietverlening. Die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor het gedurende die tweede kwartaal skerp gestyg en dit is slegs gedeeltelik deur 'n daling in die netto eise teen die regeringsektor geneutraliseer. Gedurende Julie het die netto eise teen die regeringsektor opmerklik toegeneem vanweë 'n daling in die regeringsdeposito's by die Reserwebank, terwyl die eise teen die private sektor terselfdertyd 'n klein verdere styging getoon het. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor het matig gestyg gedurende die tweede kwartaal maar vinniger gedurende Julie, toe die netto terugbetalings op korttermyn buitelandse lenings R110 miljoen beloop het. Gedurende Augustus het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met R78 miljoen toegeneem, wat veranderinge uit hoofde van die maandelikse herwaardering van die

*Die uitwerking van 'n samesmelting tussen 'n nie-monetêre algemene bank en 'n monetêre bank gedurende April 1978 is uitgeskakel uit al die syfers in die Reserwebank se monetêre ontleding.


Oorsake van veranderinge in geld en kwasi-geld R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1e kw. 1978	2e kw. 1978	Julie 1978	1e kw. 1978	2e kw. 1978	Julie 1978
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	45	64	97	57	44	95
Eise teen die regeringsektor:						
Bruto eise	-46	222	-141	...	...	...
Regeringsdeposito's (toename-, afname+)	-306	-68	415	...	...	...
Netto eise	-352	154	274	-65	-385	288
Eise teen die private sektor	215	634	74	204	732	43
Langtermyndeposito's (toename-, afname+)	-128	-354	-50	-186	-251	-34
Netto ander bates	81	82	-141	...	...	...
Totale oorsake van veranderinge	-139	580	254	48	406	409

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



Bank se goudbesit uitsluit. Die uitwerking van die styging in die totale bankkredietverlening en in die netto goud- en ander buitelandse reserwes op die geld- en kwasi-geldvoorraad is gedeeltelik deur 'n aansienlike styging in die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre banke gedurende die tweede kwartaal, en 'n verdere klein styging gedurende Julie, geneutraliseer.

Die jaarkoers van toename in die seisoensaange-suiwerde bedrag van die bankkrediet aan die private sektor het van 9 persent in die eerste kwartaal van 1978 tot 34 persent in die tweede kwartaal versnel, maar het as gevolg van die aansienlik kleiner styging gedurende Julie vir die vier maande van April tot Julie tot 26 persent afgeneem. 'n Aansienlike deel van die nuwe bankkrediet aan die private sektor gedurende die tweede kwartaal, en gedurende Junie in die besonder, het in verband gestaan met die verhoogde verbruiks-besteding voor die instelling van die algemene verkoopsbelasting. Gedurende Julie het die dis-konteringe en voorskotte van die handelsbanke, aksep-banke en monetêre huurkoop- en algemene banke in werklikheid gedaal, maar huurkoop- en bruikhuurfinan-siering het aangehou om te styg. Die kaskredietvoor-skotte van die Landbank, wat gedurende die tweede kwartaal matig gestyg het, het gedurende Julie 'n groot seisoenale toename getoon.

As gevolg van die skerp styging in bankkrediet aan die private sektor gedurende die tweede kwartaal, het die onbenutte fasiliteite onder die banke se plafonne op diskonteringe en voorskotte met R30 miljoen gedaal, niesteenstaande die verhoging van die plafonne met 'n bykomende 4 persent in Mei. Gedurende Julie het die banke se onbenutte fasiliteite egter met R100 miljoen toegeneem.

Die oorskotlikwiditeit van bankinstellings het gedurende April en Mei effens verbeter maar gedurende Junie ietwat verswak, hoofsaaklik as gevolg van 'n groot seisoenale styging in die regeringsdeposito's. 'n Aansienlike daling in die regeringsdeposito's, sowel as 'n toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes, het meegebring dat die banke se likwiditeits-posisie in Julie beduidend verbeter het.

Oorskot-likwiditeitsverhoudings van bankinstellings, 1978

	Maart	April	Mei	Junie	Julie
Handelsbanke . . .	1,3	2,5	3,5	2,6	3,0
Ander monetêre banke	1,3	1,7	1,3	1,0	1,9
Ander banke	-1,3	-1,1	-0,8	-0,4	-1,0
Alle banke	1,2	2,1	2,7	2,0	2,5

Geldmark


Die geldmark het gedurende April en die eerste helfte van Mei aansienlik verbruim, tot in laat-Junie betreklik bestendig gebly, en daarna gedurende die tweede helfte van Julie en die grootste deel van Augustus verder verbruim. Gedurende die laaste paar dae van Junie en die begin van Julie, en oor die maandeinde van Augustus, is daar egter betreklik stram toestande ondervind. Die Junie-Julie vernouing was 'n weer-spieëling van 'n sameloop van 'n groot toename in die regeringsdeposito's, 'n daling in die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank, en 'n ongewoon skerp styging in die bedrag van die note in omloop oor die maandeinde. Die stramheid oor die maandeinde van Augustus was hoofsaaklik die gevolg van groot belastinginvorderings deur die regering.

Die daggeldlenings aan die diskontohuise het op 26 Junie 'n hoogtepunt van R912 miljoen bereik maar skerp gedaal tot R584 miljoen op 5 Julie. Nadat dit op 25 Augustus 'n nuwe rekordvlak van R971 miljoen bereik het, het dit tot R660 miljoen op 1 September teruggesak. Die akkommodasie van die Reserwebank aan die diskontohuise het hoogtepunte bereik van R371 miljoen op 5 Julie en van R323 miljoen op 31 Augustus en 1 September. Die banke se vrye saldo's by die Nasionale Finansiële korporasie is gedurende die grootste deel van die eerste helfte van Julie en oor die maandeinde van Augustus feitlik uitgeput.

Die geldmarkrentekoerse, wat vanaf die middel van Mei tot in laat-Junie min verandering getoon het, het gedurende Julie en Augustus hul afwaartse neiging hervat. Nadat dit van die middel van Mei tot die middel

van Julie onveranderd gebly het op 8,5 persent, het die koers op bankaksepte van drie maande gedurende die daaropvolgende tydperk gedaal tot 8,3 persent onmiddellik voor die verlaging van die Bankkoers van 9 na 8,5 persent op 22 Augustus en daarna verder tot 8,0 persent afgeneem. Die koers op verhandelbare depositosertifikate van drie maande het vanaf die middel van Mei tot die middel van Junie oor die algemeen op 'n peil van 8,5 persent gebly, tot 8,8 persent op 7 Julie gestyg, en vervolgens gestadig tot 8,1 persent op 25 Augustus gedaal. Die skatkiswissel-tenderkoers, wat vanaf Maart tot in die begin van Augustus op of naby 8 persent gebly het, het tot 7,95 persent op 18 Augustus en tot 7,65 persent op 25 Augustus en 1 September gedaal. Die netto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank in die ope mark, wat 'n ordelike afwaartse beweging van die rentekoerse bevorder het, het gedurende die vyf maande vanaf April tot Augustus R299 miljoen bedra. Oor die maandeinde van Augustus is daar egter effekte deur die Bank aangekoop. Die primakoers van die handelsbanke is op 24 Augustus van 12,5 na 12 persent verlaag en 'n verdere vermindering van $\frac{1}{2}$ persent is op 15 September aangekondig. Op dieselfde datum is ook aangekondig dat die depositokoerse van bankinstellings, met die uitsondering van die koers op gewone spaardeposito's, met 1 persent verlaag sal word.

Geldmarkrentekoerse




Staatsfinansies

Die seisoensaangesuiwerde ontvangste op die Skatkisrekening het in die tweede kwartaal van 1978 effens gedaal vergeleke met die voorafgaande drie maande, gedeeltelik as gevolg van 'n verlaging van die koerse van verkoopreg en van die bo-belasting op invoere wat in Maart 1978 deur die Minister van Finansies aangekondig is. Soos in die ooreenstemmende drie maande van 1977, het die uitreikings in die tweede kwartaal teen 'n relatief hoë koers toegeneem, wat 'n betreklike groot tekort op die Skatkisrekening tot gevolg gehad het.

Soos in die bygaande tabel getoon word, het lenings vanaf binnelandse nie-bankbronne die skatkistekort meer as ten volle gedek. Effens meer as twee-derdes

Skatkisrekening



Finansiering van die Skatkisrekening
R miljoene

	April-Junie	
	1977	1978
Tekort (uitgesonderd lenings en skuldaflossing)	816	892
Gefinansier deur:		
Binnelandse nie-bankbronne	461	1 014
Staatskuldkommissaris	312	417
Private sektor	148	598
Monetêre banksektor	341	-103
Buitelandse sektor	15	-20
Totaal	816	892

*Insluitende die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese.

van die tekort is deur netto lenings vanaf die private nie-banksektor gefinansier, hoofsaaklik as gevolg van 'n baie gunstige reaksie van hierdie sektor op twee uitgiftes van staatseffekte gedurende Mei 1978. Benewens die bedrag van R421 miljoen wat deur middel van die uitgiftes van bemarkbare staatskuldbewyse vanaf die private nie-banksektor verkry is, het hierdie sektor se netto belegging in nie-bemarkbare regeringsobligasies en sy betaling van verpligte leningsheffing onderskeidelik R79 miljoen en R98 miljoen bedra. Die netto belegging in staatskuldbewyse deur die Staatskuldkommissaris en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese het feitlik die helfte van die bedrag verteenwoordig wat nodig was om die skatkistekort gedurende die tweede kwartaal te finansier. Hierdie bydraes tot die finansiering van die tekort het die Tesourie in staat gestel om sy netto skuldposisie teenoor sowel die buitelandse sektor as die monetêre banksektor te verminder. 'n Styging van R205 miljoen in die monetêre banke se besit aan staatskuldbewyse is meer as geneutraliseer deur 'n styging van R308 miljoen in die skatkisrekeningdeposito's.

Die uitwerking van die veranderings in indirekte belasting het gedurende Julie duideliker geword, toe die invordering van die nuut-ingestelde algemene verkoopbelasting nog nie in die skatkisontvangste weerspieël is nie. Die ontvangste gedurende hierdie maand was ongeveer R134 miljoen minder as gedurende Julie 1977. Die uitreikings, daarenteen, is op 'n hoë vlak gehandhaaf en het dié gedurende Julie 1977 met R128 miljoen oorskry. Die Skatkisrekening het gevolglik 'n tekort van R305 miljoen getoon, wat aansienlik hoër was as die tekort van R42 miljoen wat gedurende Julie 1977 aangeteken is. Daar kan verwag word dat die ontvangste gedurende Augustus aansienlik sal styg as gevolg van die invordering van die algemene verkoopbelasting asook verwagte hoër inkomste-belasting- en huurkontrakbetaling deur goudmynmaatskappye, wat voortspruit uit die onlangse styging in die goudprys.

Kapitaalmark

Ruim toestande in die mark vir vaste-rentedraende effekte het gedurende die tweede kwartaal en die daaropvolgende twee maande voortgeduur. Die nuwe uitgifte van staatseffekte in Mei is goed ondersteun en die meeste nuwe uitgifte van semi-prima-effekte is aansienlik oorvolteken. Gedurende die tweede kwartaal het die bedrag aan nuwe fondse wat deur middel van uitgifte van prima- en semi-prima-effekte in hierdie mark verkry is, met uitsluiting van die toename in leners se besit aan hulle eie effekte, R895 miljoen bedra, vergeleke met R394 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1978 en 'n kwartaallikse gemiddelde van R530 miljoen gedurende 1977.

Die opbrengskoers op nuwe uitgifte van langtermynstaatseffekte het van 10,75 persent in Februarie tot 10,50 persent in Junie gedaal. In die sekondêre


mark het die opbrengskoers in Augustus verder tot 10,34 persent gedaal. Die opbrengskoers op nuwe langtermynuitgifte van semi-prima-effekte van die hoogste graad het van 11,56 persent in Maart tot 10,99 persent in Junie en verder tot 10,62 persent vroeg in September gedaal. In die geval van maatskapskuldbriewe het die opbrengskoers op nuwe uitgifte gedaal van 13,00 persent in Desember 1977 tot 12,68 persent in Junie, 11,97 persent in Julie, en 11,26 persent vroeg in September. In die sekondêre mark het die opbrengsgaping tussen langtermyn semi-prima- en prima-effekte van 0,86 persentasiepunte in Maart tot 0,30 persentasiepunte in Augustus vernou.

Ná 'n tydelike afname in die bedrywigheid op die effektebeurs en in die aandelepryse gedurende die tydperk Februarie tot April 1978, het albei gedurende die daaropvolgende vier maande tot in Augustus sterk gestyg. In Augustus was die aandelepryse gemiddeld 25 persent hoër as in April vanjaar. Die gemiddelde vlakke van die aantal aandele en die waarde van die aandele wat gedurende die vier maande Mei tot Augustus 1978 op die aandelebeurs verhandel is, was onderskeidelik 43 en 33 persent hoër as die ooreenstemmende syfers gedurende die eerste vier maande van die jaar. As gevolg van die hoër aandelepryse, het die dividendopbrengskoers vir alle klasse aandele van 8,00 persent in April tot 6,73 persent in Augustus gedaal.

'n Groter beskikbaarheid van fondse in die kapitaalmark is weerspieël in die aansienlik groter toevloei van langer-termynfondse na depositonemende en verwante instellings. Die seisoensaangesuiwerde styging in langer-termynfondse belê by bankinstellings, bouverenigings, deelnemingsverbandskemas en staatspaarfasiliteite het gedurende die tweede kwartaal R727 miljoen beloop, vergeleke met R582 miljoen in die eerste kwartaal en 'n kwartaallikse gemiddelde van R400 miljoen gedurende 1977. Gedurende Julie het die seisoensaangesuiwerde toevloei van fondse na die bouverenigings R92 miljoen bedra, wat aansienlik hoër was as die maandelikse gemiddelde van R57 miljoen vir die eerste helfte van 1978. Op 15 September is aangekondig dat die depositokoerse van bankinstellings en bouverenigings, insluitende dié op bouverenigingaandele, sowel as die koerse op spaarsertifikate van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese en op sekere Tesourie-obligasies in die algemeen met 1 persent verlaag sal word.

Die bedrywigheid in die verband- en vaste-eiendomsmark het gedurende die tweede kwartaal van 1978 aansienlik toegeneem. Nuwe verbandvoorskotte deur bouverenigings gedurende hierdie tydperk toegestaan, was, ná seisoensaansuiwering, 24 persent hoër as gedurende die voorafgaande kwartaal. Die seisoensaangesuiwerde waarde van vaste-eiendomstransaksies gedurende die tweede kwartaal was 7 persent hoër as in die eerste kwartaal, en die maandelikse gemiddelde vlak van die transaksies in die tweede

Opbrengskoerse op effekte en aandele



Mark vir vaste eiendom



kwartaal was 20 persent hoër as gedurende Desember 1977, toe hierdie transaksies hul mees onlangse laagtepunt bereik het. Gedurende Julie het die waarde van die vaste-eiendomstransaksies 'n verdere skerp toename getoon.